



# **basic education**

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**RELIGIESTUDIES V2**

**2017**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

**VRAAG 1**

- 1.1
- Die Suid-Afrikaanse samelewing was volgens rassegroepe (apartheid) verdeel.
  - Elke rassegroep is verhinder om die kultuur en godsdiens van ander rassegroepe te leer en te verstaan.
  - Onder apartheid is alle godsdienste nie gelyk behandel nie.
  - Slegs die Nederduits Gereformeerde Kerk het fondse by die regering gekry.
  - Hierdie kerk het die Bybel geïnterpreteer om by die apartheidsbeleid van die regering te pas.
  - Ander godsdienste is deur die regering misken en doelbewus verkeerd vertolk.
  - Die Suid-Afrikaanse samelewing is steeds volgens ras en kultuur verdeel.
  - Die ekonomie van die land is steeds grootliks in die hande van die wit minderheid.
  - Godsdienstige organisasies sukkel steeds om grond te kry om hulle plekke van aanbidding te bou.

**LET WEL: Enige ander relevante punt moet gekrediteer word.**

(10)

1.2 **VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP**

- Christenskap is op die fondasie van liefde gegrond, so alle vorms van diskriminasie is teen God se wil.
  - Jesus het gesê: 'Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.' (Joh. 13: 34)
  - Die meerderheid van Suid-Afrika se bevolking beskou hulleself as Christene. Hulle moet daarom Christus se leringe volg wat hulle aansê om sonder diskriminasie lief te hê.
  - Handeling 17:26, sê: 'Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon.'
  - Christene glo dat alhoewel ons verskillende kleure is en verskillende tale praat, ons dieselfde oorsprong het.
  - Ons is almal die afstammeling van Adam, so ons moet soos broers en susters leef.
  - Galasiërs 3:28: 'Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry man of vrou is nie, in Christus Jesus is almal één.'
  - Christenskap is teen rasse-, klas- en geslagsdiskriminasie.
- LET WEL: Enige ander relevante punt moet gekrediteer word.**

**VOORBEELD 2: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**

- Afrika Tradisionele Godsdiens is op die filosofie van ubuntu gegrond.
- Ubuntu/Botho sê: 'umuntu umuntu ngabantu' beteken 'n mens is 'n mens deur ander mens.
- Ubuntu diskrimineer nie tussen rasse nie, maar beskou die mensdom as 'n geheel.
- Afrikane glo dat om teen ander mense te diskrimineer, tot teëspoed kan lei.
- Die Afrika Tradisionele Godsdiens erken en respekteer ander godsdienste, tot die mate dat sinkretisme toegelaat word.
- 'n Voorbeeld hiervan is African Initiated Churches wat Christelike oortuigings in Afrika tradisionele oortuigings inkorporeer.
- Afrikane glo in deel, ongeag kleur of godsdiens. Dit is waarom hulle aanvanklik vee, grond en selfs wonings met wit setlaars gedeel het.
- Byvoorbeeld Christelike sendelinge is deur Afrika-gemeenskappe verwelkom en ondersteun.
- Afrika Tradisionele Godsdiens bevorder gasvryheid vir vreemdelinge en dit ontmoedig diskriminasie.
- In die Afrika Tradisionele Godsdiens, as 'n lid van die samelewing sterf, help die hele gemeenskap, ongeag ras of godsdiens.

LET WEL: Enige ander relevante punt moet gekrediteer word.

(16)

1.3

- Godsdienstige gemeenskappe moet leer oor begrip, respek en verdraagsaamheid vir alle godsdienste.
- Gemeenskappe moet fokus op gemeenskaplike waardes en doelwitte en godsdienstige verskille aanvaar.
- Daar moet multigeloofsgebede wees om diskriminasie te teiken.
- Die leiers van verskillende geloofsgemeenskappe moet eenheid versterk onder hulleself, ongeag ras of kleur.
- Kinders en die jeug moet geleer word om diskriminasie uit te roei.
- Daar moet vergaderings van godsdienstige leiers met regeringsverteenvoerders wees om teen diskriminasie saam te staan.
- Godsdienstige formasies moet saam die Departement van Onderwys werk om 'n kurrikulum te vestig wat met die uitroei van diskriminasie sal help.
- Voorbeelde is vakke soos Religiestudies en Suid-Afrikaanse Geskiedenis.
- Godsdienstige gemeenskappe moet aanvaarding en wedersydse respek van die verskillende rassegemeenskappe bevorder deur mense van verskillende gelowe na gebedsvergaderings te nooi.
- Godsdienstige gemeenskappe moet met alle sektore van die gemeenskap saamwerk om eenheid in diversiteit te bevorder.

LET WEL: Enige ander relevante punt moet gekrediteer word.

(14)

1.4 **JA**

- Op grond van die Konstitusie is daar baie veranderinge wat die verskillende sektore van die Suid-Afrikaanse samelewing getransformeer het.
- Die Konstitusie stippel die fundamentele waardes uit wat respek insluit; vervolgens is daar tans opmerkbare respek vir godsdienstige diversiteit.
- Verskillende godsdienste is nie meer ontnem van die geleentheid om op vriendskaplike wyse met mekaar om te gaan nie.
- Verskillende godsdienste bestaan naas mekaar en almal is vry om enige plek te aanbid ongeag ras, kleur of taal.
- In openbare skole is daar vryheid van godsdienstige plegtigheid en gewete.
- Leerders van verskillende taal en godsdienstige agtergronde het vrye toegang tot onderwys by die skool van hulle keuse.
- Die Ontugwet wat gemengde huwelike verbied, is nie meer in die Suid-Afrikaanse samelewing van toepassing nie.
- Verskillende rassegroepe woon in dieselfde woonbuurte. Die Groepsgebiedewet is nie meer in Suid-Afrika van toepassing nie.

**NEE**

- Ten spyte van Suid-Afrika se liberale Konstitusie is daar steeds sigbare bewyse van diskriminasie in die samelewing.
- In verskillende kerke is diskriminasie opmerklik. In kerke wat voorheen slegs vir wittes was, is daar nou net swartes, die wittes woon dit nie meer by nie.
- Slegs Christelike vakansiedae is openbare vakansiedae. Ander godsdienste word nie amptelik erken nie.
- In skole waar die meerderheid leerders voorheen wit was, kom nie-wittes dikwels teen godsdienstige en kulturele diskriminasie te staan.
- Bv. in Pretoria Girls High School het leerders beweer dat hulle vir lank aan rassisme onderwerp is, veral oor hulle hare. Uiteindelik is diskriminerende reëls uit die skoolbeleid verwyder.
- Daar is steeds diskriminasie op grond van oorsprong – xenofobie.
- Mense met fisiese en verstandelike gestremdhede ervaar steeds baie vorms van diskriminasie, bv. daar is nie genoeg spesiale skole nie, veral nie in landelike gebiede nie.

**LET WEL: Enige ander relevante punt moet gekrediteer word.**

**LET WEL: 'n Kandidaat kan 'ja'- en 'nee'-antwoorde kombineer.**

(10)

**VRAAG2**

2.1 2.1.1 **LET WEL: Indien geen godsdienst by 2.1 genoem word nie, word kandidate gekrediteer vanaf die eerste DUIDELIKE identifisering van die godsdienst. Krediet SLEGS vir dieselfde godsdienst regdeur 2.1.1, 2.1.2 en 2.1.3**

**VOORBEELD 1: TAOÏSME**

- Die Tao sê nie baie oor die gemeenskap nie, maar wel oor hoe individue hulle lewens moet rig.
- Die Tao het nie 'n plan met betrekking tot die doel van die lewe nie...
- Die Tao is ontsaglik magtig, terwyl die aarde en die mense net 'n klein kolletjie hiertussen is.
- Die Tao het die lewe geen doel of plan gegee nie.
- Lewe is egter nie aaklig of doelloos nie, dit is die moeite werd om te leef.
- Daar word van menslike wesens verwag om in harmonie met die Tao te leef.
- Die lewe is self die beloning want die Tao is 'n ontsaglike komplekse en verrykende proses.
- 'Alle dinge is sag en soepel wanneer dit lewe', wat beteken 'n mens moet buigzaam wees.
- Wanneer 'n menslike wese weerstand teen sy/haar begeertes of planne ervaar, is dit 'n teken dat hy/sy die Tao teengaan. Dit beteken jy is besig om te veroorsaak dat jou lewe op 'n mislukking uitloop.

**VOORBEELD 2: CHRISTENSKAP**

- Volgens Genesis het God die mensdom geskep.
- Mense is na die beeld van God geskep.
- Hierdie skepping is as die manifestasie van God se heerlikheid beskou.
- Menslike wesens weerspieël God se kenmerke, eienskappe en hoe God se persoonlikheid is.
- Die drie persone van die Heilige Drie-eenheid kommunikeer en raadpleeg mekaar.
- Die mensdom moet die model van die Heilige Drie-eenheid volg en 'n verhouding van wedersydse respek en liefde hê.
- Volgens Christenskap moet geen persoon ander domineer of uitbuit nie.
- Mense het 'n intellek en vrye wil, maar diere het instinkte en lewe volgens die wette en reëls van die natuur waarvoor hulle geen beheer het nie.
- Mense is dus toerekenbaar vir hulle handeling.

(10)

**2.1.2 VOORBEELD 1:TAOÏSME**

- Die Taoïstiese standpunt oor die dood is dat ons die lewe moet waardeer sodat die dood aanvaar kan word.
- Wanneer jy besef dat dit die sikliese prosesse is wat die lewe wonderlik maak, word dit makliker om daardie lewe te aanvaar.
- In hierdie godsdienste is die dood eenvoudig 'n proses van transformasie waar jy van een vorm na 'n ander gaan.
- Dit beteken dat jy van die begin af deel van die heelal was en sal voortgaan om vreugde of hartseer te wees.
- Volgens die Taoïstiese standpunt moet jy nie bang wees vir die dood nie, jy moet daarmee gekseer.
- In hierdie godsdienste het jy nie lewe na die dood in een of ander hemel, of die tipe lewe na die dood wat in Hindoeïsme gevind word, nodig nie.
- Jy word net getransformeer en eindig iewers anders op.

**CHRISTENSKAP**

- Volgens Christenskap hou die lewe nie met die dood op nie, maar gaan voort anderkant die graf.
- Diegene wat sterf, gaan 'n nuwe fase binne, die paradys.
- Sondaars gaan hel toe waar hulle gestraf word.
- Op die Laaste Dag sal die gewone wêreld nie meer bestaan nie. Die wet van God sal heers.
- Slegs diegene wat volgens die wil van God gelewe het, sal vir ewig lewe.
- Dood is nie die einde van die lewe nie, maar 'n fase in die reis van die mensdom.
- Die opstanding impliseer dat die lewe 'n doel het. Op die dag van die Opstanding sal die goeie en die bose beloon word volgens hulle handeling in hierdie wêreld.

LET WEL: Enige ander relevante punt moet gekrediteer word.

(10)

2.1.3 **VOORBEELD 1: TAOÏSME****JA**

- Taoïsmie sê niks oor die konsep van boosheid nie.
- Dit is omdat alles die Tao is: soos dinge moet wees.
- Indien ons begeertes nie vervul word nie, moet ons die begeertes ondersoek.
- Vir die Taoïste is dit nie net 'n saak van om jou begeertes te verander sodat lyding verwyder word nie.
- Mense moet hulleself met die ware aard van die Tao ooreenkom.
- Op die wyse sal hulle negatiewiteit (boosheid) te bowe kom.
- Mense kan lyding veroorsaak, maar hulle kan boosheid te bowe kom deur in harmonie met dinge, mense en in hulleself te leef.
- Alles moet volgens die idees van die Tao gebeur.
- Mense moet wat hulle wil hê, opgee en doen wat die Tao wil hê.

**NEE**

- Taoïste dui aan dat daar geen rede is vir mense om in konflik met iets te wees nie.
- Vir die Taoïste is daar nie iets soos boosheid nie aangesien alles die Tao is.
- Aangesien die Tao so ontsaglik en magtig is, kan mense boosheid nie te bowe kom nie.
- Die lewe het 'n byna wonderbaarlike mag om aantreklik en verrykend te wees omdat dit in sy aard is.
- Dinge kan teen jou wil gebeur en jy het nie beheer daaroor nie en gee toe aan boosheid.

**VOORBEELD 2: CHRISTENSKAP****JA**

- Volgens Christenskap, kan boosheid te bowe gekom word deur bekering tot die Christelike geloof.
- God sal altyd oor Satan triumfeer.
- Deur die dood en opstanding van Christus word boosheid oorkom.
- In Daniël en Openbaring word dit gesê dat daar 'n katastrofiese einde aan hierdie wêreld en die begin van 'n nuwe een sal wees. Dit sal die aanbreek van 'n nuwe tydvak wees.
- Jesus Christus word as die Messias deur die Christene beskou.
- Jesus leer ons dat boosheid nie deur boosheid te bowe gekom kan word nie, slegs deur goedheid.

**NEE**

- Volgens Christenskap kan boosheid nie heeltemal te bowe gekom word nie so lank as wat sonde heers.
- Die feit dat baie mense nie tot Christus bekeer is nie, beteken dat boosheid nie oorkom sal word nie aangesien Jesus die enigste weg na Redding is. Dit is volgens die Christelike geloof.
- Na die eerste sonde het die menslike aard vatbaar vir bose handeling geword.
- Daar is 'n stryd tussen boosheid en goedheid.
- Daar is 'n voortdurende voorkoms van donkerte en lig.
- As mense nie tot inkeer kom nie, sal boosheid nooit oorwin word nie.

LET WEL: Enige ander relevante punt moet gekrediteer word.

(10)

- 2.2 2.2.1
- Mondelinge tradisie dien as 'n effektiewe manier om die oorspronklike boodskap van een geslag na die volgende oor te dra.
  - Party godsdienste lê meer klem op mondelinge tradisie as hulle eie heilige geskrifte.
  - Mondelinge tradisie speel steeds 'n belangrike rol in party godsdienste, bv. die Afrika Tradisionele Godsdienst.
  - Mondelinge tradisie loop steeds parallel met geskrewe tekste.
  - Mondelinge tradisie gee meer duidelikheid as geskrewe teks as gevolg van die verhalende styl daarvan.
  - Die ketting van storievertellers is ook belangrik aangesien dit na die bron lei.
  - Mondelinge tradisie weerspieël plaaslike dialek en kultuur. Daarom is dit makliker om in elke kultuur te verstaan. (10)
- 2.2.2
- Inspirasie is 'n belangrike normatiewe bron in baie godsdienste.
  - Dit is die ware oorsprong van alle godsdienste.
  - Inspirasie verwys na die mag of krag van 'n buitengewone wese, wat 'n uitverkose wese oorneem.
  - Die stigtersfigure van baie godsdienste is deur 'n hoër mag of wysheid geïnspireer.
  - Sulke mense het gesag deur inspirasie verkry.
  - Voorbeelde is Moses, Abraham, Profeet Mohammed, Boeddha en ander.
  - Die ATR-mediums of waarsêers kry inspirasie terwyl hulle in 'n beswying is.
  - Daar is groot agting vir hierdie waarsêers omdat hulle insig uit inspirasie verkry word.
- LET WEL: 'n Maksimum van VIER punte mag toegeken word vir relevante voorbeelde. (10)
- [50]



**VRAAG 3**3.1 3.1.1 **VOORBEELD 1:BOEDDHISME**

- Theravada-Boeddhisme
- Mahayana-Boeddhisme
- Tibetaanse Boeddhisme
- Vajrayana

**VOORBEELD 2: CHRISTENSKAP**

- Katolisisme
- Oosters-Ortodokse Kerk
- Protestantisme
- Afrika-Geïnisieerde Kerke

**LET WEL:** Enige TWEE subgroepe

(4)

3.1.2 **VOORBEELD 1: BOEDDHISME-SUBGROEPE****Theravada-Boeddhisme**

- Die ideaal in Theravada-Boeddhisme is vir die individu om 'n lewe van meditasie te ly om verlig te word.
- Hulle woon in kloosters, bedel vir kos en mediteer die grootste deel van die dag.
- Die monnike help en werk saam met oningewydes met belangrike lewensgeleenthede, soos geboortes, huwelike en begrafnisse.
- Die monnike woon nie daar nie, maar woon dit by om gewig aan die geleentheid te gee.
- Oningewydes in Theravada-gemeenskappe kan nie voltyds mediteer nie, maar dit beteken nie dat hulle nie 'n godsdienstige lewe ly nie.
- Die meeste godsdienstige praktyke word tuis uitgevoer alhoewel daar ook individuele en gemeenskaplike meditasie en kantillering in tempels is.

**Mahayana-Boeddhisme**

- Hierdie vorm van Boeddhisme het 'n konsep, Bodhisattva, ontwikkel.
- 'n Bodhisattva is 'n persoon wat op sy/haar eie meriete Nirvana kan binnegaan, maar uit medelye met mense wat ly, besluit het om sy/haar binnegaan uit te stel om ander mense te help.
- Die Boeddha is beskikbaar om mense te help om verligting te bereik.
- In Mahayana-Boeddhisme kan gewone mense goddelike wesens nader om hulle te help met die soeke na verlossing.
- Die Mahayana-Boeddhiste kan meer rituele elemente praktiseer as wat in Theravada-Boeddhisme waargeneem word.
- Voorbeelde is neerbuiging, kantillering en aansteek van wierook.

**Tibetaanse Boeddhisme**

- Hierdie Boeddhiste praktiseer rituele.
- Hulle gebruik rituele en kantillering vir gebed.
- Hulle mediteer.
- Hulle gaan in beswymings in om wysheid te herwin.

**VOORBEELD 2: CHRISTEN-SUBGROEPE****Katolisisme**

- Hulle woon die Heilige Mis gereeld by.
- Bo en behalwe die Sondag Heilige Mis, is daar weksdag-Mis wat streng deur Katolieke lede bygewoon moet word.
- Kerse word vir herinnering aan die dooies aangesteek.
- Sondes word aan die priester bely.
- Die priesters neem 'n eed om nie te onthul wat aan hulle bely is nie.
- Daar is die ritueel van die soen van die kruis as 'n teken van onderwerping aan Jesus Christus as Verlosser van die wêreld.

**Oosters-Ortodokse Kerk**

- Die praktyke in die Katolieke en Ortodokse subgroepe is eenders.
- Hulle soen beelde en uitbeeldings van die Heiliges.

**Protestantisme**

- Protestante hou genesingsdienste.
- Hierdie kerke prys en aanbid gereeld.
- Die kern van die Protestante Christelike lewe is die Woord van God.
- Hierdie vertakking van Christenskap hou gereeld herlewingskruistogte.
- Anders as die Katolieke en Ortodokse vertakkinge plaas die Protestante vertakking meer klem op preek, terwyl die Katolieke en Ortodokse vertakkinge meer klem op die Heilige Nagmaal of die Heilige Mis.

(16)

3.1.3 **VOORBEELD 1: BOEDDHISME****Theravada-Boeddhisme**

- Basies is die bestuur/leiding van die Theravada- en Mahayana-vertakkinge dieselfde.
- Theravada-Boeddhisme is een kompakte vertakking, met min of geen afwyking in verskillende dele van die wêreld nie.
- Die klooster het groter betekenis in Theravada-Boeddhisme as in ander vertakkinge.

**Mahayana**

- Elke groep van die Mahayana word deur 'n senior monnik bestuur/gelei.
- Die senior monnik word bygestaan deur 'n raad van ander senior monnike en soms senior nonne.
- Hierdie vorm van Boeddhisme het in baie groeperings ontwikkel wat tot baie buigbaarheid in bestuur/leiding gelei het.

**Tibetaanse Boeddhisme**

- Tibetaanse of Zen-Boeddhiste het 'n leier, die Dalai Lama.
- Daar is 'n opeenvolging van Dalai Lamas vanaf die 17<sup>de</sup> eeu tot 1959.
- Toe die Volksrepubliek van China Tibet in 1959 ingeval het, het die huidige Dalai Lama, Tenzin Gyatso, uit Tibet gevlug.
- Hy is sedertdien 'n geestelike leier in ballingskap.

**VOORBEELD 2: CHRISTENSKAP****Katolisisme**

- Daar is 'n gemeente wat deur 'n gemeentepriester bestuur word.
- In die gemeentes is daar gemeentepastorale- en gemeentefinansiesrade wat saam met die gemeentepriesters werk.
- Daar is dekanate onder leiding van dekens.
- Die bisdomme is onder leiding van die biskoppe.
- Die aartsbiskop/provinsies staan onder leiding van die aartsbiskoppe.
- Die kardinale is die verteenwoordigers van die Pous in verskillende geografiese streke, bv. die Suider-Afrikaanse Streek onder Kardinaal Napier.
- Die Katolieke Kerk in die hele wêreld is onder leierskap van die Pous wat in Rome is.

**Oosters-Ortodokse Kerk**

- Hierdie vertakking staan onder leiding van 'n episkopale struktuur wat biskoppe en priesters het.
- Die Oosters-Ortodokse Kerk het nie 'n enkele leier nie.
- Gesag in die kerk is in die hande van die biskoppe.
- Die Ortodokse Kerk doen nie aan die Pous verantwoordings nie.

**Protestantisme**

- Die kerke word beheer deur ingeseënde predikante/dominees, verkose ouderlinge of biskoppe.
- Die oorhoofse beheer is deur 'n hoër gesag, soos 'n sinode of algemene vergadering, met 'n voorsittende biskop.
- Die kerke is nie verantwoordelik aan enige hoër gesag as die gemeente nie.

LET WEL: 'n Maksimum van SES punte word toegeken vir enige vertakking.

(10)

## 3.2

- Grondbeginsels en historiese konteks:  
Dit beteken jy moet die grondbeginselreëls en die historiese feite gebruik om 'n teks te interpreteer.
- Duidelikste betekenis:  
Jy moet die letterlike betekenis van die teks in ag neem, en indien moontlik, ander betekenis.
- Plan, doel en konteks:  
'n Skryfstuk moet as 'n geheel beskou word. Wat is die skryfplan of struktuur? Wat was die skrywer se doel met die skryf van die teks? Wat is die konteks van die gedeelte wat bestudeer word?
- Figuratiewe betekenis:  
Figuratiewe en nie-letterlike betekenis moet in ag geneem word.
- Ander heilige tekste:  
Heilige tekste self moet gebruik word om ander heilige tekste te interpreteer.

(20)  
[50]

**VRAAG 4**

- 4.1
- Martin Luther het in die 15<sup>de</sup> eeu sekere veranderinge aan die gang gesit wat tot die versplintering van die Christelike godsdiens gelei het.
  - Dit het tot dekade-lange godsdienstige oorloë in Europa gelei.
  - Verskeie Christelike groepe het vir oorheersing geveg.
  - Die kerk was op daardie stadium polities en sosiaal baie invloedryk.
  - Die meeste lande was nie demokraties nie: hulle is deur keisers, konings, koninginne of die adel regeer.
  - Hierdie heersers het die kerk gebruik om hulle mag te vestig.
  - Godsdienstige leiers het dan weer heersers beïnvloed om hulle eie interpretasie van oortuigings te bevorder.
  - Alle strydende partye het gedink dat 'n samelewing vreedsaam sou wees indien almal dieselfde oortuigings het.
  - Protestantse hervormers was nie verdraagsaam ten opsigte van godsdienstige diversiteit nie.
  - Katolieke en Protestantse het hul oortuigings aan mekaar voorgeskryf.
  - Mense het 'n soektog begin vir 'n staat waar daar godsdienstige verdraagsaamheid sou wees.
  - Die intellektuele het tot die slotsom gekom dat godsdiens verdelend eerder as verenigend is.
  - 'n Regering wat suiwer op redenasie en begrip van die mens se aard gegrond was, was dus die oplossing.
  - Regering en moraliteit was dus geskei van godsdiens.
  - Sekulêre humanisme is dus gevestig.

LET WEL: Enige ander relevante punt moet gekrediteer word.

(12)

- 4.2
- Die godsdienstige oorloë tussen die Christelike kerke in Europese lande het geëindig.
  - Die teken van die Verdrag van Wesfale in 1648 het die meeste Europese konflik tot bedaring gebring.
  - Die Verdrag is belangrik in Westerse politieke en godsdienstige geskiedenis; omdat dit die eerste keer was dat die regering, onafhanklik van godsdiens erken is.
  - Sekulêre regerings het menseregte en godsdienstige vryheid as kern van die samelewing.
  - Daar is geen godsdienstige oorloë in, of tussen, die meeste sekulêre state nie.
  - Mense in sekulêre state is vry om enige godsdiens van hulle keuse na te volg.
  - Godsdienstige leiers van verskillende geloofsgemeenskappe word deur die Konstitusie gedwing om as gelyke vennote met godsdienstige kwessies te werk.
  - Verskillende godsdienste het hulle begrip van mekaar se oortuigings en praktyke ontwikkel.

(12)

## 4.3

- **VOORBEELD 1: AGNOSTISISME**

- Hierdie term is die eerste keer in 1869 deur 'n filosoof, TH Huxley, gebruik.
- Darwin se teorie oor menslike evolusie het die idee van 'n Opperskepper teengestaan en 'n alternatiewe wêreldbeskouing vir agnostisisme voorsien.
- Agnostici glo dat dit nie moontlik is om die bestaan van God of 'n bonatuurlike wese te bewys of nie.
- Agnostisisme kom van die Grieks 'a', wat 'sonder' beteken, en 'gnosis', wat 'kennis' beteken.
- Dit verwys na onsekerheid oor kennis van God.
- Agnostici is skepties oor godsdienstige leringe.
- Hulle verwerp godsdienstige leerstellinge, veral godsdienste wat beweer hulle het geestelike kennis.

- **VOORBEELD 2: ATEÏSME**

- Ateïste verwerp die geloof dat goddelike of bonatuurlike magte bestaan.
- Daar is verskillende grade van ateïsme.
- Sagte of neutrale ateïste verwerp nie die bestaan van 'n bonatuurlike wese aktief nie.
- Sterk of positiewe ateïste glo daar is bewyse om hulle ateïstiese beskouings te ondersteun.
- In party gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme.
- Dit is omdat hulle voel dat beide wêreldbeskouings van bewyse afhanklik is om hulle bewerings te steun.
- Ateïste wend hulle dikwels na die wetenskap om die natuur van die heelal te verduidelik eerder as om op geloof te steun.

(10)

## 4.4

- **VOORBEELD 1: HINDOEÏSME**

- Die meeste godsdienste wat voor die Moderne tydperk ontstaan het, het hulle wortels in mondelinge tradisie.
- Toe skrif ontstaan het, is hierdie leringe neergeskryf en vorm deel van die kanons vir elke godsdiens se heilige geskrifte.
- Die Vedas het in antieke Indië ontstaan.
- Die Vedas vorm deel van die hoof skriftelike bronne vir Hindoes.
- Baie Hindoes glo dat die Vedas nie werklik deur iemand geskryf is nie, Ishvara ingesluit.
- Historici beraam dat dit tussen 2500 en 500 VJH neergeskryf is.
- Die Vedas is deur die groot wysgeer of wyse man, Krishna Dwipayana, saamgestel.
- Die doelwit was om 'n gestandaardiseerde weergawe van Hindoe-leringe vir alle Hindoe-volgelingen saam te stel.
- Krishna Dwipayana het al die mondelinge leringe bymekaargemaak wat deur die Rishis en onderwysers en studente deurgegee is, en dit in vier standaard versamelings of boeke saamgestel: die Rigveda, Yajurveda, Samaveda en die Atharaveda.

**VOORBEELD 2: ISLAM**

- Moslems glo dat Allah Sy finale boodskap vir die mensdom deur die aartsengel Gabriël aan die Profeet Mohammed openbaar is.
- Die Profeet kon nie lees of skryf nie, so hy het hierdie openbaringe op mondelinge wyse met sy volgelinge gedeel.
- Mohammed se volgelinge het hierdie openbaringe neergeskryf.
- Die teks wat hierdie openbaringe bevat, het as die Koran bekend geword.
- Die Koran word dus as die Woord van God beskou.
- Die Koran is oor 'n tydperk van 23 jaar aan die Profeet Muhammad geopenbaar.
- Net voor hy gesterf het, het die Profeet die hele Koran uit die hoof aangehaal.
- Die Woord van God is in Arabies aan die Profeet openbaar en baie Moslems glo dat die Koran nie vertaal kan word sonder om betekenis te verloor nie.
- Dit is omdat die boodskap en die leringe wat in die Koran vervat is, nie van die taal waarin dit geskryf is, geskei kan word nie.
- Moslems wat die hele Koran uit die hoof kan aanhaal, staan as hafiz bekend.

(16)  
[50]

**VRAAG 5**

- 5.1
- Alle vorms van lewe is verbind en gaan terug na 'n gemeenskaplike oorsprong.
  - Verskillende tipes lewe het in een enkele kontinuum plaasgevind.
  - Lewe ontwikkel volgens 'n proses, wat van eenvoudig na kompleks lei.
  - Organismes verander geleidelik om by veranderende omgewings aan te pas.
  - Dié wat die beste by hulle omgewing aanpas, word dominant.
  - Dit word 'natuurlike seleksie' genoem.
  - Die proses het baie miljoene jare gelede begin en duur steeds voort.
  - Lewe het nie binne 'n paar dae te voorskyn gekom nie, dit gaan ongeveer 3 500 miljoen jaar terug.
  - Die mens het ook tydens 'n lang proses van miljoene jare ontstaan, totdat die 'moderne' mense uiteindelik ongeveer 100 000 jaar gelede te voorskyn gekom het.
  - Die evolusieleer beweer dat mense en ape 'n gemeenskaplike voorouer het.
- (10)
- 5.2
- Die evolusieleer voer aan dat die wêreld en spesies mettertyd verander.
  - Hindoeïsme gee 'n meer breedvoerige beskouing van evolusie omdat dit geestelike evolusie insluit.
  - Hindoes glo dat jy oor beide geestelike en fisiese evolusie beheer het.
  - 'n Goeie lewe lei tot geleidelike evolusie wat tot 'n gevorderde vorm/wese lei.
  - Wetenskaplikes beskou evolusie as iets wat toevallig gebeur.
  - Vir Hindoeïsme is evolusie in ooreenstemming met die wet van karma.
- (10)
- 5.3 **JUDAÏSME/CHRISTENSKAP**
- Die skepper is 'n manlike Opperwese.
  - Hy het die heelal binne ses dae as deel van Sy goddelike plan vir die mensdom geskep.
  - Op die sesde dag het Hy Adam en Eva geskep en hulle geseën om voort te plant en die aarde te vul.
  - Genesis beweer dat die heelal deur die krag van Sy woord geskep is.
  - Die heelal is perfek geskep, mense ingesluit.
  - God het ook diere en ander wesens geskep.
- (10)

- 5.4
- Die wetenskap kan steeds nie die mensdom verduidelikings ten opsigte van geestelikheid gee nie.
  - Moraliteit is verskans in godsdienste, aangesien godsdienstige norme nie verander nie.
  - Geestelikheid en godsdienste is die oplossing.
  - Saam met wetenskaplike vooruitgang het sosiale/maatskaplike uitdagings meer geword.
  - Depressie, selfdood, geweld, verbrokkeling van gesinswaardes, en wydverspreide korrupsie is voorbeelde.
  - Godsdienste het tegnologie en wetenskap aangeneem en gebruik dit om godsdienstige interaksie te versterk.
  - Godsdienste belowe lewe na die dood en straf vir sonde.
  - Dit bou stabiliteit, vertroue en 'n gedeelde gevoel van voorbestemming – alles dinge wat mense waardeer.
  - Dit beantwoord die vraag van waarom ons hier is, en wat die regte pad vorentoe is.
  - Godsdienste bevorder liefde, vrede en sekerheid in 'n gewelddadige wêreld.
  - Daar is geen wetenskaplike bewys van God of gode nie, maar daar is geen wetenskaplike bewys dat 'n opperwese nie bestaan nie. Liefde is werklik; Christene sluit by mekaar aan met hierdie werklike, onbeperkte liefde deur die konsep Jesus Christus.
  - Godsdienste, meer as enige bedrag geld of evolusionêre wetenskap gee nou gemoedsvrede.
  - Godsdienste gee mag en motivering deur inspirasie.
  - Godsdienstige oortuigings en praktyke dra wesenlik tot die vorming van persoonlike morele kriteria en gesonde morele oordeel by.
  - Gereelde godsdienstige praktyk beskerm 'n individu in die algemeen teen 'n hele klomp maatskaplike probleme, soos selfdood en dwelmmisbruik.
  - Godsdienstige praktyk is ook voordelig vir geestelike gesondheid; dit verminder depressie, verhoog selfvertroue en verbeter gesins- en gemeenskapsamehorigheid.

LET WEL: Enige ander relevante punt moet gekrediteer word.

(20)  
[50]

**TOTAAL: 150**